

## A.4

### SANDSPLEETE

Teenoorgestelde kant van die knol moet vry van die gebrek wees.

**Klas 1:** Tot die maksimum mate soos in foto 3 uitgebeeld, is toelaatbaar: Met dien verstande dat die sandspleet nie dieper as 4 mm is nie.

**Klas 2:** Tot die maksimum mate soos in foto 5 uitgebeeld, is toelaatbaar: Met dien verstande dat die sandspleet nie dieper as 6 mm is nie en nie meer as 10% van die knol met keepsnitte weggesny word nie.

**Klas 3:** Tot die maksimum mate soos in foto 8 uitgebeeld, is toelaatbaar: Met dien verstande dat nie meer as 20% van die knol met keepsnitte weggesny word nie.

**Laagste Klas:** Geen spesifikasies.

#### Redes vir die verskynsel

- Wisselende grondvog en -temperatuur.
- Kom veral in ligte sanderige grond voor.
- Oneweredige plantestand, oorbemesting met stikstof en voedingwanbalanse dra by tot die voorkoms van sandspleete.

#### Hoe dit vermy kan word

- Reëlmatige besproeiing tydens droogteperiodes.
- Vermy vatbare kultivars.
- Reguleer planttye om jaarlikse droë periodes te vermy.
- Waar moontlik, sorg vir uniforme groeitoestande, goeie besproeiingskedulering en bemestingspraktyke.

## A.4

### GROWTH CRACKS

Opposite side of the tuber must be free from the defect.

**Class 1:** To the maximum extent depicted in photo 3 is permissible: Provided that the growth crack is not deeper than 4 mm.

**Class 2:** To the maximum extent depicted in photo 5 is permissible: Provided that the growth crack is not deeper than 6 mm and not more than 10% of the tuber needs to be cut away with groove cuts.

**Class 3:** To the maximum extent depicted in photo 8 is permissible: Provided that not more than 20% of the tuber needs to be cut away with groove cuts.

**Lowest Class:** No specifications.

#### Reasons for the occurrence

- Variable soil moisture and temperatures.
- Occurs especially in light sandy soils.
- Uneven plant population, over fertilisation with nitrogen and nutrient imbalances contribute to the occurrence of growth cracks.

#### How it can be avoided

- Regular irrigation during dry periods.
- Avoid susceptible cultivars.
- Regulate planting times to avoid annual dry periods.
- Where possible ensure uniform growing conditions, even plant population, good irrigation scheduling and fertilisation practices.

## SANDSPLEETE - GROWTH CRACKS A.4

